Ses Preeksketse uit die Bergrede
saamgestel deur Andries Combrink

Hierdie reeks preke gebruik Jesus se lering oor die lewe in die Koninkryk in die bergrede, as toeligting op die Onse Vader. Nie alleen word Koninkrykbeginsels hier proklameer nie, maar die gelowiges word gehelp om deur gebed te groei in uitlewing hiervan.

Die ses temas uit die Bergrede wat so hanteer word is:

1. **GAAN BID IN JOU KAMER! – (Sê Onse Vader...)**
2. **PASOP VIR MAMMON! (Laat U Naam geheilig word)**
3. **WEES OOR NIKS BEKOMMERD NIE! (U Koninkryk kom, U wil geskied. Gee ons ons daaglikse brood.)**
4. **MOENIE OORDEEL NIE! (Vergewe ons ons skulde...)**
5. **OOR WOLWE IN SKAAPSKLERE! (Laat kom ons nie in versoeking nie; verlos ons van die bose)**
6. **NIE ALMAL WORD GERED NIE! (Wanneer ons gebede niks meer as aangeleerde formules is nie.)**

1. GAAN BID IN JOU KAMER: MAT 6:6

Inleiding:
Elkeen van ons het ons eie, unieke behoeftes. Dalk het ons vanoggend daarmee wakker geword, omdat ons gisteraand met dié kommervolle gedagtes aan die slaap geraak het. Miskien is dit ‘n besorgdheid wat lankal saam met ons kom en waaroor ons al baie gepeins het of ‘n groot uitdaging waarvoor ons besig is om te beplan. Dalk is die risiko’s wat ons gaan neem tog ‘n bietjie vreesaanjaend – of bring ‘n hol kol op die maag. Dalk is dit hartseer, berou of verwyte wat ons vroegoggend al wakker gemaak het.

JESUS HET RAAD VIR ONS BEKOMMERNISSE
Met al hierdie dinge het die Here Jesus goeie raad. Praat met een wat verstaan, wat omgee en wat in staat is om te help. Praat met jou Hemelse Vader daaroor en weet dat Hy meer as omgee vir jou – Hy het jou beste belange op die hart.

Jesus sê in Mat 6: 6: *As jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.*

Dis nie nodig om na ‘n besondere plek van aanbidding te reis of te wag vir ‘n besondere geleentheid sodat ek met my Hemelse Vader kan praat oor alles wat ek nodig het nie. Jesus waarsku selfs, dat om tussen ander mense met God te gesels oor wat ek nodig het, my van die spoor af kan laat gaan, omdat ek so op hulle fokus en hulle probeer beïndruk, of in ag neem, dat ek die doel van my gesprek met my Hemelse Vader totaal kan misloop. Dit kan uitloop op skynheiligheid. Dit beteken eenvoudig dat ek my so in die biddende karakter wat ek wil wees probeer inleef en hom of haar probeer uitdruk, dat ek nie meer opreg uit my hart met die Here oor my nood of my kwelvrae praat nie.

SOMMIGE OPENBARE GEBEDE GAAN NIE OOR GOD SE ANTWOORDE NIE
Nie alle gebede vra na God se antwoorde en God se seën nie. Soms gaan dit net oor die hoë dunk van mense van my en dit gaan oor my beeld en plek tussen ander mense / Christene. Miskien kry ek dan waarna ek soek – dit is dat ander sal dink dat ek baie mooi kan bid, of dink dat ek baie gelowig is. Dan het ek klaar my loon weg, sê Jesus. Jy het gekry waarna jy gesoek het en dit is om ander met jou godsdienstigheid te beïndruk. Dit sal egter geen seën van die Here wegdra nie.

Appél:
Kom ons luister na die praktiese raad van Jesus. As jy bid, as jy ‘n antwoord van God verlang; as jy met die Here gemeenskap wil hê en sy teenwoordigheid wil opsoek – gaan na ‘n kamer toe waar jy alleen kan wees; word stil en kalm; dink wat jy nou gaan doen. Sê vir jouself – Ek gaan nou met God praat en Hy kan help, Hy sal hoor en Hy sal luister. Hy sal ook antwoord. Praat dan uit jou hart met Hom. Sê vir die Here wat jou bang, of kwaad, of ongelukkig maak. Vertel Hom van jou uitdaging of jou wens. Sê – Onse Vader wat in die Hemel is! Vertel dan vir die Here van alles – en Hy wat sien wat jy daar alleen in jou kamer doen en alles hoor wat jy daar vir Hom sê, sal vir jou ‘n antwoord gee.

2. Mat 6: 22 – 24: PASOP VIR MAMMON!

Inleiding:
Baie van ons besorgdheid gaan oor die fisiese behoeftes wat ons elke dag het. Onbetaalde rekeninge of verliese wat ons vrees ons kan ly. Soms ontstel dit ons baie as ons dink dat die lewe onregverdig is en dat ander van ons wil wegneem wat ons dink ons toekom. Ons mag selfs dink dat geld en goed die finale antwoorde op ons vrae bied.
Ons leef inderdaad in ‘n tyd waarin mense baie finansiële sorge en ekonomiese kwellinge het. Vir sommige voel dit asof absoluut niks ooit weer sal regkom nie en of alles wat hulle doen tevergeefs is.

JESUS STEL PRIORITEITE, OOK AAN ONS GEBEDE
As ons met ons Hemelse Vader oor al die dinge wil gesels, sal dit ons baat om te weet dat God hieroor ‘n baie spesifieke standpunt het. Ons lei dit onder af uit Jesus se gebed toe Hy Sy dissipels leer bid het, en toe Hy gesê het, as julle bid, sê: Onse Vader wat in die hemel is, laat U Naam geheilig word.

Gebed is die uitdrukking van ons diepste behoeftes voor die Here. Jesus sê – voorop in die hart van ‘n gelowige moet staan – Vader, laat U Naam geheilig word. Is dit in jou lewe aal jou hoogste prioriteit? Dat die Naam van die Here vandag gelaster sal word deur woorde, dade en veral ongeloof van baie.

Jesus verduidelik dit so, in Mat 6: 22 – 23: *As jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees*. As ons nie na die lewe kyk soos God daarna kyk nie, sal alles skeefgetrek raak in ons lewe, ja, onsself en ons geld en goed kan selfs vir ons belangriker lyk as die Here en Sy Naam en Saak.

Daarom waarsku Jesus in die volgende verse: Onthou, niemand kan vir twee base tegelyk werk nie, want jy sal die een afskeep en meer vir die ander een oorhê. Julle kan nie God en Mammon dien nie. Ons kan nie vir ons geld, ons goed, ons loopbaan en ons drome net so lief wees as wat ons vir God is nie. Die gevolg sal wees dat ons God sal afskeep en opgeskeep sal sit met ‘n baie harde baas – geld, goed, aardse skatte. Ai, die dinge kan ons baie laat rondspring en groot bekommernisse vir ons inhou. Spanning, hartseer en teleurstelling is van die sekerste bonusse wat Baas Mammon vir sy aanbidders bied.

AS DIE NAAM VAN GOD NIE ONS HOOGSTE PRIORITEIT IS NIE, KRY MAMMON VATKANS.
die grootste verlies wat ons lei as geld en goed ‘n hoër prioriteit as die eer van God se Naam vir ons is, is dat die Here nie meer God, voorsiener, bewaarder, vertroueling en versorger vir ons is nie. So met die loop van tyd het Baas Mammon my bron van hoop, geloof en liefde verdring. Ag, as ek tog maar liewer die Here gekies het en my op Hom verlaat het; Ag, as ek nie so alleen met al my probleme moes worstel nie, want die Here is nou so ver.

Appél:
Gaan na jou kamer toe en praat die dinge met jou Hemelse Vader uit. Sê vir Hom hoe jammer jy is dat jy hom tweede of selfs laaste in jou lewe gemaak het. Pleit by Hom om jou om Christus wil weer naby Hom te laat kom in gebed. Laat los nou maar vir ‘n oomblik al Mammon, die geldliefde, se

besorgdhede, en vra opreg vir jou Vader in die Hemel – Vader, laat U Naam geheilig word, en begin met my – my hart en my woorde en my gedagtes en my planne en my emosies.
Terug by die voet van die Vader, sien my oë weer beter – sien ek weer waarop dit regtig aankom, nl. Die Here en Sy Naam en my verhouding met Hom as my Here en God. Hy sal die baasskap van 'n gejaag na geld van jou afruk *en in jou Sy Naam heilig maak*. Geloof en hoop, sal terugkeer in jou hart.

3. Mat 6: 25 34: WEES OOR NIKS BEKOMMERD NIE!

Inleiding:
Die meeste mense wat ek ken dink nie dis moontlik om kommervry te leef nie. Ook hulle gebedslewe soek nie na 'n kommervrye rus in die voorsiening van God nie.

JESUS LEER: JULLE HEMELSE VADER SORG VIR JULLE
Jesus se les oor bekommernis waarvan ons in Mat 6 : 25 – 34 lees, voel vir baie mense baie onrealisties en onprakties. Dit is mos waar Jesus vir ons leer dat ons nie bekommerd moet wees oor wat ons gaan eet, of drink of aantrek nie, want, sê Hy – kyk na die voëls van die hemel wat nie saai of oes of in skure bymekaar maak nie. Julle Hemelse Vader sorg vir hulle. En, sê Jesus, kyk na die lelies van die veld – hulle spin nie en hulle swoeg nie, en niemand is so mooi aangetrek soos hulle nie. *Hoeveel te meer sal julle Hemelse Vader vir julle sorg, julle kleingelowiges!*

GELOOF MAAK 'N GROOT VERSKIL
O ja, maar hier is die sleutel wat vir ons die waarheid oopsluit. Ons dink dis onpraktiese en onrealistiese raad van die Heiland, want ons is ***klein*** gelowiges. Ons geloof is te klein om te verwag dat God vir ons so sal sorg soos wat Hy sorg vir alles en vir almal wat aan Hom behoort. Ons wil eintlik maar liewer self in beheer wees – eerder as om die Here eienaar te maak. Wel, watter troos is daarin om aan jouself te behoort en op jouself aangewese te wees. Is daar nie baie meer troos in, om aan jou Saligmaker te behoort, wat omdat jy aan Hom behoort, alles vir jou genadiglik wil skenk nie?

BESORGDHEID OOR DIE KONINKRYK VERDRYF ANDER SORGE
Jesus leer ons presies hoe ons te werk moet gaan om van bekommernis ontslae te raak. Hy sê in Mat 6: 33: Beywer julle allereers vir die Koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee. Dit is Jesus se verduideliking van daardie woorde in die gebed van Jesus wat so gaan:
Laat U koninkryk kom, laat U wil geskied, soos in die Hemel, netso ook op die aarde. Gee ons vandag ons daaglikse brood!

ONS MOET BESIG WEES – MAAR MET DIT WAAROP DIT AANKOM
Ja, ons moet besig wees om te soek en ons te beywer – maar vir die koninkryk van God en Sy wil op aarde, in ons lewe en in ons huise. Dit moet voorop staan in ons program, ons denke, ons drome, ons hoop en ons verwagtinge. Here, U wil moet op die aarde gebeur netso absoluut en seker, soos dit in die hemel gebeur. Dit sal nie hemel in my lewe kan wees, voordat U wil nie daarin gekom het nie! Voordat U vrede en heerlikheid nie in my hart is, sal ek nooit ophou om my te bekommer nie. Ek moet hierdie prioriteit eers regkry, Vader, nl. dat U wil geskied, dat U koninkryk deurbreek en sigbaar word in my lewe en in my wêreld. Deel van u wil, is my daaglikse brood, soos deel van U wil is dat die voëls van die hemel en die lelies van die veld versorg moet wees.

Appél:
Soek God se wil vir jou lewe en met jou lewe en doen dit heel eerste. Plaas die bekommernisse oor geld en goed en dinge 'n bietjie op die agtergrond en ervaar die wil van die Vader ten volle in jou lewe. Bekommernis oor kos en klere sal heeltemal anders in jou gedagtes begin lê. Jy sal God

daarvoor begin vertrou. Soek God se wil met jou lewe, vandag. Los die donker gedagtes tog net vir ‘n oomblik. Laat Sy vrede oor jou kom – en jou Vader wat weet wat jy nodig het, sal in alles vir jou sorg. En onthou om te bid: Onse Vader wat in die Hemel is, laat U koninkryk kom, laat U wil geskied, soos in die Hemel, so ook op die aarde – en gee ons vandag, ons daaglikse brood.

4. Mat 7:1 &2: MOENIE OORDEEL NIE!

Inleiding:
As jy daarop let, hoor jy dat die ongelukkigheid en spanning waarmee baie se lewe so dikwels versuur word, te doen het met die dinge wat hulle *glo in ander se lewens* verkeerd is.

MOENIE OORDEEL NIE, DIT MAAK NET ONGELUKKIG
Ons kan tog so bitter ontsteld word oor wat mense volgens ons mening anders moes doen of oor wat ander volgens ons, vir ons tekort doen. Mens moet maar ‘n slag na jou eie gesprekke luister en as ‘n groot deel daarvan daaruit bestaan om ander se foute te bespreek, of die sondes wat hulle doen of die dwaashede wat hulle volgens ons sou aanvang, is dit nodig om ‘n oomblik na te dink oor Jesus se bekende woorde in Mat 7: 1 & 2 – waar Hy ons uitdruklik leer: *Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie; met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal julle geoordeel word, en met die maat waarmee julle vir ander meet, sal julle gemeet word.*

Ons kan tog so breedvoerig uitwei oor ander se foute – en veral verkeerde optrede teenoor ons. Dan is ons baie kwaad vir so ‘n mens en maak onsself bitter ongelukkig oor die werklike of vermeende onreg wat ons dan aangedoen is. Kort voor lank het ons ‘n knop op die maag oor so iemand se optrede en dit neem nie net al ons vreugde weg nie, maar verbruik al ons energie, hou ons uit die slaap en versuur ons bestaan. Selfs al is so ‘n persoon soms nie eens bewus daarvan dat hy of sy ons ontstel nie, krap dit ons hele lewe om en beroof ons van lewensvreugde.

Ons stel standaarde aan ander – hoë standaarde en verwagtinge. Maar wat sal van ons word as ander daardie selfde verwagtinge van ons sou hê? Sal ons ons eie toetse wat ons vir ander opstel, self kan deurkom? Of lei ons aan die siekte van skuldontkenning, waar ons altyd reg en moreel en suiwer in ons eie oë is, terwyl ander in ons gedagtes monsters word wat net mooi niks meer reg kan doen nie.

VERGIFNIS IS DIE ANTWOORD
En hoe gewillig is ons om te vergewe, waar iemand ons tekort gedoen het. Die maat waarmee ons vir ander genade en ontferming uitmeet, is dikwels maar die kleinste ou maatbekertjie wat ons in ons besit het. In my vrou se kombuis is daar een liter en vyf liter maatemmers – maar daar is ook teelepelgrootte maatlepels waarmee die kleinste hoeveelhede bestanddele afgemeet word. Terwyl ons baie keer oordeel en kritiek by die emmers vol uitdeel, gaan soek ons maar die teelepels in ons lewenslaai om aan ander ‘n bietjie vergifnis of toegeeflikheid of verdraagsaamheid uit te meet.

So leer ons om met baie kwaad en woede in ons hart en met gevoelens van onreg te leef. Die kanse om reg te maak en vrede te maak met diegene oor wie ons so voel, is maar skraal want die ou teelepeltjie vergifnis en begrip vir hulle kan nie eers begin om al hulle foute te kan toemaak nie.

Dit sal jou vrede steel; en jou gelukkigheid. Die ergste van alles is, ons raak so behep met ander se foute, dat ons geen introspeksie oor onsself meer kan doen nie. Ons eie dwaasheid gaan totaal by ons verby. Jesus sê ons raak soos mense wat met ‘n plank in ons eie oog rondloop – ‘n plank wat alles en almal rondom ons seermaak en omslaan – en tog, praat en klink ons soos mense wat skynbaar maar te graag die ***houtstoffie*** uit iemand anders se oog wil haal.

Appél:
Jesus het ons leer bid: Vergewe ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Kom ons raak besig met ons eie groot behoefte aan emmersvol van God se genade en barmhartigheid en liefde. Ons kyk na ons eie dwaasheid, vuilheid en skuld wat ons nodig het dat God ons moet vergewe - en kan dan ook ander vergewe – en so baie rus en vrede vir ons gemoed ontvang. Vriend, moenie oor ander oordeel, voordat jy voor die Here jou sondes bely het nie – met 'n gewilligheid om ook jou naaste te vergewe.
Kom ons bid saam: *Onse Vader wat in die Hemel is, vergewe ons ons skulde, soos ons die vergewe wat teen ons gesondig het, om Jesus ontwil, Amen.*

5. Matteus 7: 15 tot 20: OOR WOLWE IN SKAAPSKLERE!

Inleiding:
Versoekings kom na ons toe in baie vorme en gedaantes. Die geleentheid om verkeerde dinge te dink, te praat en te doen en dan oortuig te wees dat ons daarmee kan wegkom, laat ons baie keer dwase besluite neem, waaroor ons so bitter spyt kan wees.

VERSOEKINGS IN DIE VORM VAN MENSE
Meestal kom versoekings egter na ons toe in die vorm van mense. Ons luister te maklik na die raad van mense, sonder om seker te maak of dit nou regtig iemand is wie se raad ons so onvoorwaardelik behoort te aanvaar. In Matteus 7: 15 tot 20 waarsku Jesus ernstig teen mense wat lyk soos skape, terwyl hulle eintlik verskeurende wolwe is. Op die klank af klink wat hulle sê slim en goed en reg. Soms klink dit selfs vir ons Christelik en laat ons twyfel of dit wat ons glo, reg en goed en Bybels is. Het dié mens ons beste belang in gedagte? En meer belangrik, is die persoon wat besig is om nou jou sekerhede onder jou uit te pluk en jou geloofsvertroue te ondermyn, iemand met die woorde van die Here – of is dit aardse, mensgemaakte sieninge wat so na jou toe te kom?

Moenie sommer enige mentor of raadgewer teveel sê oor jou besluite, oortuigings en veral geloofsfondamente gee nie. Jesus het goeie raad hieroor: Hy sê vir ons in Mat 7 vanaf vers 16 dat ons maar eers na die vrugte in die lewensboom van die raadgewer moet gaan kyk, voordat ons dié mens toelaat om teveel invloed op ons te hê. Hoeveel geluk, kalmte, opregte liefde en nederigheid straal uit die een wat ons so wil aanmoedig om alles wat ons glo, in twyfel te trek. Is dit iemand wat God se woord met ons deel, of 'n selfsugtige egoïs wat ook vir my kort voor lank in konflik gaan hê met alles wat vir my kosbaar en die ankers van my lewe is?

WOLWE IN SPAAPSKLERE STEEL ONS VREDE
Die wolwe in skaapsklere sal sekerlik op meer as een manier my vrede wil kom steel. Daar is diegene wat jou wil aanmoedig om met gevaarlike dinge te eksperimenteer. Kyk na die vrugte in so een se lewensboom. Hoe gaan dit met die ou se huwelik en hoe is sy verhouding met sy kinders. Beteken sy kerk en gemeente nog iets in sy lewe; dien Hy die Here opreg?

Ander wolwe kom in die skaapsklere van vroomheid en wil jou tog so graag onseker maak oor die geloofswaarhede van jou opvoeding. Is die mens wat jou so graag van jou oortuigings wil ontwortel vol van liefde, vergewensgesindheid en die genade van die Here – of vol van oordeel en geestelike meerderwaardigheid teenoor ander Christene? Vlug maar liewers van so 'n raadgewer en mentor af weg. Praat oor jou onsekerhede met hulle by wie jy geleer het van die Here Jesus en Sy evangelie en van wie jy seker is dat hulle opregte kinders van die Here is.

Appél:
Die Bose verlei graag met nuwe openbaringe, nuwe geloofsmodes of nuwe oortuigings. Beloof ons byderwetsheid, voorspoed en wins. Maak so maklik alles wat tot nou toe vir jou 'n anker was, belaglik, uitgedien en waardeloos.

As iemand so praat, is dit ‘n wolf, al lyk sy skaapsklere ook hoe onskuldig en heilig. Vlug weg van sulke dwaasheid. Gaan na jou kamer toe en bid*: Vader, laat kom my nie in die versoeking nie, maar verlos my van die Bose*. Lees jou Bybel en herontdek die geloofsbelydenis van jou jeug. Dink oor die goeie vrugte in die lewe van die mens wat jou na Jesus toe gelei het. Gaan kruip weg by die Jesus wat jy ken. So, sal jy jouself baie hartseer en teleurstelling spaar. Kom ons bid saam*: Onse Vader wat in die Hemel is, laat kom ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die bose, om Jesus ontwil, Amen.*

6. Mat 7: 21: NIE ALMAL WORD GERED NIE!

Inleiding:
Om die woorde en formules van die kerk te ken, te gebruik en te bid, beteken nog glad nie dat ek dié woorde opreg bedoel en dit onder die leiding van Sy Gees doen nie.

GEBED VOLGENS FORMULES, WAARBORG NIKS
Jesus sê vir sy dissipels in Mat 7: 21: *Nie elkeen wat vir my sê: Here, Here, sal in die Koninkryk van die Hemel ingaan nie, maar net Hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.* Om te sê: Here, Here, was ‘n bekende aanbiddingsformule van die wetsgeleerdes en die geestelike leiers in die tyd toe Jesus op aarde was. Elke gebruiklike woord en gebed in die Joodse tradisie en wet het hulle van buite geken. Hulle kon dit gebruik en opsê sonder om te dink oor wat dit regtig beteken. Die vorm waarin hulle hulle aanbidding en lering gegiet het, was dalk goed en mooi – maar het niks van hulle verhouding met die God waaroor die mooi woorde gegaan het, gesê nie.

Deur die eeue het ook die Christendom gebruike en mooi woorde gevind om met die Here en oor die Here te praat. As jy dit ondersoek, vind jy daarin meestal die vrug van geloofsworsteling en ‘n soeke na die Woord van die Here en Sy evangelie. Maar deur dit agterna te sê beteken nog nie dat dit jou eie geloofservaring is nie. Pasop dat dit nie inhoudlose klanke en gebruike vir jou geword het, wat van jou eie verhouding met die Here, niks sê nie.

MAAR WAT VAN VERHOORDE GEBEDE – WAARBORG DIT ENIGE IETS?
Op die dag van oordeel, sê Jesus, sal baie wat nie in die koninkryk ingaan nie, baie verbaas wees daaroor, omdat hulle al die regte waarhede in die formules van die Christelike geloof uitgespreek het gedurende hulle lewe. Here, Here, sal hulle sê, ons het al die bedieningsmodelle en kragtige woorde wat ander in u diens ook gebruik, deel van ons getuienis gemaak. Ons het presies netso in U Naam bedien soos baie ander en daar was selfs bonatuurlike resultate op al dié werk in U Naam.

Jesus sê dat Hy openlik vir sommige sal sê: Ek het julle nooit geken nie; julle het die wet van God oortree en julle het nie die wil gedoen van my Vader wat in die hemel is nie. Dit was alles net woorde, gebruike en formules.
Wat is dan die wil van Sy Vader? Dat ons Sy Seun Jesus moet ken en met Hom in ‘n verhouding moet leef, werk en bedien. Na-praters van die mooi gesegdes, belydenisse en gebede van die kerk, doen nie noodwendig die werk van die Here nie.

Appél:
Ken jy regtig vir Jesus? Leef jy in ‘n verhouding met Hom? Is Hy die een met wie jy in vennootskap is, as jy met die werk van die Here besig gaan raak? Soek jy eerste van alles Sy koninkryk en Sy wil in jou lewe? Is jy besorg oor die eer van Sy Naam in die wêreld? Verwag jy elke dag se brood en voorsiening net van Hom af? Pleit jy net by Hom vir beskerming teen versoekings en vir vryheid van die mag en die invloed van die Bose?

Nie elkeen wat sê: Here, Here, sal in die Koninkryk van God ingaan nie, maar net hulle wat vir Jesus persoonlik ken en die wil van Sy Vader doen. Neem die ernstige waarskuwing ter harte.

Bedoel die gebed wat Jesus ons geleer het, omdat jy die Een ken, wat dit vir ons geleer het.
Ons Vader wat in die hemel is,
laat U naam geheilig word; laat U koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, netsoos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredinge soos ons die vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose. Amen.

Saamgestel deur Andries Combrink van die Centurion Wes Presbiteriaanse Kerk. Kontak hom by info@cpk.co.za .